KAMMANUUS

Nommer 382 1 September 2014

'n Publikasie van onsdorp.com

TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Moleste met 'n kampkoerantjie

Hoofstuk I, Deel vi

Ek het laas nog vertel van die jaagtog teen die Mafika Lisiu-pas af met die Poolse inspekteur kort op my hakke. Met sy baie kronkels en skerp draaie het hierdie pas nogal gereeld 'n rol gespeel in ons klompie se lewens daar in ons kampdorpie in die vallei onder langs die Malibamatso.

Ons was 'n hele mengelmoes van nasies wat noodgedwonge moes leer saamleef en mekaar se gewoontes leer respekteer of darem net verstaan. My eie bydrae was om 'n koerantjie uit te gee waarin mense met mekaar kon kommunikeer. Aanvanklik was die idee om sosiale geleenthede aan te kondig en nuuswaardighede en nuutjies uit te dra in die afwesigheid van TV.

Onthou, daardie tyd was die internet nog maar in babadoeke en was ons nog skaars gespeen van telekse. My nuusbrief het die naam Molomo gekry, wat mond beteken in Sotho. Van skooldae af het ek al die drang gehad om eerder mense se gatte te krap as te kielie, en om so die lekker van gesonde konfrontasie uit te wys.

Miskien wou ek nog altyd maar net 'n joernalis wees. Daardie mense het mos lisensie om te skinder. En wat is nou lekkerder as om 'n lekker sappige storie eerste te kan vertel. Gou het ek agtergekom wie die storiedraers en skinderbekke was. Om hul identiteite te beskerm, het ek 'n soort sepie begin skryf waarin die karakters fiktief was, maar die gebeure almal so losweg gebaseer op gerugte wat die kamp deurkruis het.

Daar was amper 'n paar skeisake as gevolg van my vertellinge. Mens kan jou indink wat als kan gebeur in 'n afgeleë plekkie soos Ha Lejone, waar daar 'n hele klomp enkelinge tussen 'n groep getroudes gebly het en waar daar aanvanklik maar min sosiale afleiding was. Daar het selfs by tye 'n ontstoke dame of twee by my opgedaag en aangedring dat ek bieg en erken dat van my karakters hulle mans is.

Een keer het ek onwetend so na aan die waarheid gekom dat een meisie bekend as Legs Eleven weens haar besonder lang mooi bene, haar man gaan voorlê het en betrap het toe hy juis die kat in die donker wou knyp. Sy het hom so goed bygekom dat hy vir 'n week af siek was.

Net om kamplewe nog meer interessant te maak, het die dagga mos sommer wild in ons tuine gegroei. Hulle het soos kakiebos opgekom en almal het gemaak of hulle nie weet hoe 'n daggaplant nou kwansuis lyk nie. Tot agter ons kantore op was daar 'n bos of twee wat met sorg vertroetel was. Die tonnelboormasjien se voorman het uit en uit erken dat hulle werkers nie so lekker kon werk en funksioneer sonder 'n teugie omkyktwak nie.

So besluit Kamermaatjie en my een buurvrou, Elsje, mos om vir my 'n verjaarsdagmakietie by ons huis te reël. Een met 'n verskil. Die twee het juis voorheen gekla dat daar van ons genooide kollegas was wat nooit eintlik wou gees vang nie en altyd vroeg geloop het. Daai aand word daar toe twee slagysters gestel. Hulle reken toe as die klomp nie gaan eet van die spesiale koekies met die groen kleur nie, sal hulle ten minste moet proe aan die vars slaai... **Word vervolg.**

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Lees die begin van die storie op www.onsdorp.com

Om die kampvuur

Uit Toeka se Tyd

Vetkerse

Ons almal ken steeds die kers wat van was gemaak word, maar ons voorouers wat in die veld en sonder fabrieke moes lewe, het diervet gebruik om snags lig te verskaf.

Vetkerse is gemaak deur kerspitte van gevlegte katoen-draad aan 'n stok vas te maak en die toutjies herhaal-delik in 'n pot vol gesmelte vet te doop.

Die toutjies is in die vet neergelaat, uitgehaal om af te koel en dan nogmaals in die vet gedruk... oor en oor en oor.

Met elke doopslag in die vet sou die vetkerse vetter word totdat hulle dik genoeg was. Water sou ook partymaal vir die afkoelery gebruik word deurdat die kerse afwisselend in die vet en in 'n houer met koue water gedoop is.

Dit bly maar 'n baie nuttige woord vir die Engelse!

MELK

is goed vir jou tande. Om jou by jou eie sake te bepaal, is ook goed vir jou tande.

Sommer net slim

Hulle sê 'n meisie word groot as sy begin om 'n bra te dra. 'n Seun word groot wanneer hy begin om dit los te maak.

Die moeilikste ding in 'n nuwe verhouding is om weer te leer om saggies te poep.

Die herkoms van ons gesegdes (35)

Pluimpie: Iemand 'n pluimpie gee (iemand prys vir sy goeie werk)
Pluimpie in hierdie sin is 'n veer; dus vir iemand 'n veer in sy hoed steek.

Pluis: Iets is nie pluis nie (iets is nie in orde nie)
In Nederlands beteken pluis as byvoeglike naamwoord onder andere "behoorlik, soos wat dit hoort". As iets nie pluis is nie, is dit nie soos dit hoort nie.

Pontius: Van Pontius na Pilatus stuur (doelloos rond en bont stuur)
'n Verbroude uitdrukking: In Nederlands bestaan nog van Herodes na Pilatus stuur, volgens die gebeure wat in die evangelie van Mattheus beskryf word. Die stadhouer se naam was Pontius Pilatus, en van Pontius na Pilatus stuur is dus 'n onlogiese (maar ingeburgerde) vorm.

Punt: Op die punt staan (gereed wees)
In Middelnederlands reeds het punt ook die betekenis "regte tydstip"; op die punt staan is dus daardie presiese tydstip wanneer iemand iets kan begin doen.

Pypkan: Iemand pypkan (iemand fop, flous (in rugby met 'n skynbeweging))
'n Pypkan was vroeër die naam vir 'n bababottel (" 'n kan met 'n pyp aan") wat die plek van die moederbors ingeneem het en waardeur die baba geflous is.

Anneries met die rooi vlag

Deur DANA SNYMAN

Elke dag, seven to five, staan ek maar hier met hierie vlag van my, Meneer. Ek waai ek hom solat die mense kan sien hier word gewerk. Die karre briek as hulle my sien. Hy is mos rooi, hierdie vlag.

Dis darem ’n job. Dis iets. Die anderse sit in die shackse en drink bier en steek mes. Die Noord-Kaap government betaal my – one thou two ’n maand.

My vrou pak vir my 'n watertjie en 'n broodjie wat ek maar hier in die grassies bêre. Sy was mos weg, maar nou is sy weer terug, my vrou.

Partykeers raak die mense ongemaklik met my. Hulle kom hier aan in hulse karre en hulse Land Rovers, oop en toe. Dan waai ek hierie vlag, want die lig voor is rooi. Dan klim hulle hier uit met hulse broeke en hulse hemde. Dan raak hulle sommer warm met my.

“Wat’s fout met hierie government van jou, hê?” sê hulle. “Gaan sê vir Zuma hierdie land is verby.”

Anderse klim nie uit nie. Hulle bly sit met hulse enjins wat idle en hulse kieste dik. Een ou vrou sy draai haar glas af.

“Dé, kom vat hier,” sê sy. Dan kry ek die orige broodjies van Gauteng af. “Wat’s jou naam?” vra sy. “Anneries,” sê ek. “Shame,” sê sy en draai weer die glas op.

Ek's Kimberley gebore. Ek's 'n Van Rooy, maar my pa is ’n Tswana. Hy het weggehardloop Kokstad toe. Ek ken Afferkaans van my ma af.

Ander tye raak dit stil hier, dan kom hier nie karre nie. Dan gaan sit ek op daai paaltjie daar. Partykeers verlang ek na die bottel as hierso so sit, maar ek het mos die bottel gelos, Meneer. Ek het my gelat doop in die kerk. In Julie laas jaar.

Ek wil hê die liefde moet wen, Meneer. ’n Mens se kop werk sterk as jy hier staat. Jy dink baie dinge. Jy sien dinge. Jy voel dinge binnekant in jouself. Jy staat nie net hier en waai die vlag nie.

(Tussen Kimberley en Griekwastad)

Wanneer jy die dag fliek toe gaan



Plekke wat jy met moeite uitgesoek het.

Sitplekke vir mense van gemiddelde proporsies.

Sitplekke met die twee langste mense in die fliek.

MAMMA Muishond het twee kinders gehad – In en Uit.
Toe sy hulle laatmiddag huis toe roep, kom net Uit daar aan.
Sy stuur hom om dringend sy boetie te gaan soek voordat dit donker word. Binne ’n paar minute is hy terug met In.
Toe sy ma vra hoe hy geweet het waar om te soek, antwoord hy: “In stink.”

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

DIE ROTTWEILER

Die politikus kom stemme werf, maar steek vas by die tuinhekkie toe hy die hengse Rottweiler in die son sien lê.

Op daai oomblik stap Kallie uit by die voordeur.

"Hey, does your dog bite?"

Kallie: "Nee, nooit! My hond is rustig."

Die man maak die hekkie oop en net daar skraap die Rottweiler hom. Ná 'n bloedige gestoei om lewe en dood slaag hy daarin om van die hond te ontsnap.

Vol bloed skree hy: "I thought your dog don't bite!"

Kallie: "Sorry man, maar daai is nie my hond nie. Ek het net hier kom rugby kyk."

SIMPATIEKE VROU

Man stuur die volgende boodskap per selfoon aan sy vrou:

"Liefie, 'n kar het my buite die kantoor omgery.

"Paula het my dadelik hospitaal toe geneem waar hulle x-strale geneem het. "Die hou teen die kop was nogal erg, maar het blykbaar geen permanente skade veroorsaak nie.

"Ek het ongelukkig drie gekraakte ribbebene opgedoen,my arm is gebreek en daar is veelvuldige frakture in my linkerbeen. Dit mag moontlik nodig wees om my regtervoet af te sit."

Vroulief se reaksie?

WIE DE HEL IS PAULA?

(Wees nou eerlik, wat sou jou reaksie gewees het?)

GHOLF LOS?

Jan het besluit om met sy jarelange vriendin te trou.

Een aand, ná hul wittebrood, was hy sy gholfskoene aan't skoonmaak terwyl sy vrou hom dophou.

Toe sê sy:
"Liefie, ek het gedink dis tyd dat jy jou gholf los noudat ons getroud is. Jy moet dalk maar jou stokke verkoop."

Jan kry die alleraakligste trek op sy gesig.

"Skattie, wat's fout?" vra sy bekommerd.

"Jong," sê hy, "vir 'n oomblik het jy nou nes my eksvrou geklink."

"Eksvrou!" skree sy. "Ek het nie geweet jy was al getroud nie!"

Jan, baie kalm: "Ek was nie!"

BC deur Mastroianni en Hart

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Dis glo 'n waar storie.

John Bradford, 'n Ierse student, het in die nag in 'n groot storm langs die pad uimgegooi, maar daar het geen karre verbygekom nie.

Uiteindelik kom daar 'n kar stadig aangery en stop by hom. John was desperaat en het sonder om te dink in die kar geklim en die deur toegemaak - net om te ontdek dat daar niemand agter die stuurwiel sit nie en dat die enjin ook nie luier nie . . .

Die kar het weer begin om stadig te beweeg. John het in die kar se ligte vorentoe gekyk en gesien daar is 'n draai in die pad.

Hy was so bang dat hy vir sy lewe begin bid het.

Net voordat die kar van die pad afloop, het daar 'n hand van nêrens af deur die venster gekom en die stuurwiel gedraai.

John was totaal angsbevange, maar die hand het hom niks gedoen nie.

Kort daarna verskyn die neonligte van 'n kroeg, spring uit die kar en hardloop die kroeg uitasem en sopnat binne. 'n Stilte het oor die kroeg gesak toe almal sien hy huil, maar dat hy nie dronk is nie.

Skielik het die kroeg se deur weer oopgegaan en twee mense het die kroeg uit die stormagtige nag binnegekom. Hulle was ook sopnat en uitasem.

Toe hulle die sopnat John by die kroegtoonbank sien sit en huil, sê die een vir die ander:

"Kyk, Paddy, daar sit die blerrie idioot wat in die kar geklim het terwyl ons dit gestoot het!"

Besope in Frankryk

'n Engelsman was in Frankryk en in 'n erg beskonke toetstant.

'n Franse verkeersman stop hom en vra of hy gedrink het.

Met groot moeite erken die Engelsman dat hy gedrink het, dat sy dogter die oggend met 'n Fransman getroud is en dat hy 'n paar bottels wyn en 'n hele paar glase whiskey by die onthaal gedrink het.

Die verkeersman was ontsteld om dit te hoor. Hy voer 'n asemtoets op die man uit en vra hom of hy weet onder watter Franse wet hy gearresteer gaan word.

"Nee, Meneer," antwoord die Engelsman. "Maar terwyl jy nou so baie vrae vra, het jy geweet dis 'n Britse motor met regterhandstuur en dat my nugter vrou aan die ander kant sit?"

Die ou cowboy laat sy baard skeer

Hier is 'n storie oor 'n ou, verrimpelde cowboy wat sy baard laat skeer het.

Hy het by die Dime Box-barbier in Texas ingeloop om sy baard te laat skeer. Hy sê aan die barbier hy kan nie self al die stoppels geskeer kry nie omdat sy wange so verrimpeld van ouderdom is.

Die barbier gaan haal toe 'n houtballetjie van sy rak af en sê die cowboy moet dit in sy wang sit sodat sy wange se vel kan uitsprei.

Toe hy klaar is, komplimenteer die cowboy hom en sê dis die skoonste skeer wat hy in jare gehad het."Maar wat sou gebeur het as ek per ongeluk die balletjie ingesluk het?"

"Ag, wat," sê die barbier, "dan het jy hom maar net later teruggebring. Dis wat al die ander mense doen."

Duskanlander in Anderkantland

Ebola maak Ghanese vegetariërs

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

As ekspat kan jy nie in Ghana woon sonder om die ebola-nuus met die oë van 'n valk te volg nie. In Ghana, met 'n land van miljoene inwoners, is dit moontlik nie nét dodelik nie, maar ook hoogs oordraaglik.

Ghana het nog geen ebola-infeksies nie, maar lande links en regs van ons wel. Met minder as tien present oorlewing en geen doeltreffende behandeling nie is ons almal benoud. Meer as 1 700 slagoffers t is reeds oorlede – dis die gevalle waarvan hulle weet. Die mense hierso is arm – almal gaan nie na hospitale nie. Die vissersdorpies is afgeleë en die tradisionele dokters het hier nog groot ondersteuning.

Om ons in Akkra, is die plaaslike manne ook senuweeagtig. Hierdie nasie se vriende loop gewoonlik in die straat hand-aan-hand, groet mekaar daagliks in beergreep-omhelsings en met nat wangsoene. Nou is almal skielik tevrede met 'n swaai-groet van die hand deur die lug.

Almal in die apteek om die hoek lyk soos *Hazmat*-agente. In wit getooi van kop tot rubbersool, net hulle oë steek uit agter 'n rubberbril en die skoonmaker is nie oorgeslaan nie. Hier is die Ebola simtome soos spuitpoep, opgooi, koors, bloeding en lam-in-die-gat of dieselfde tekens as malaria, tifoïed, bilharsia urienweginfeksie.

Die Ghanese ly ook almal aan 'n unieke siekte genoem *"waist-pains"*. Dit tref jou as jy Ghanees is en énige pyn beleef – soort van iewers tussen die hoogte van jou elmboog tot rondom jou knieë. Nogal vaag, nè!

Maar dan gaat lê jy sommer op die badkamermatjie, onder jou lessenaar of in jou kar. Jy steun soos 'n dik vark wat geboorte gee en knyp jou oë toe asof die eerste lewendige ding wat jy sal sien, moontlik die duiwel self kan wees wat jou kom haal. Dis natuurlik lewensgevaarlik, maar lyers van "*waist-pains*" kan soos Lasarus weer binne enkele minute of ure tot perdfris herstel.

Kasregistermeisies, immigrasie- en bankklerke werk met wit gesigmaskers en poeierblou rubberhandskoene. Daar's alkohol ontsmettingsmiddels op hul toonbanke en die elektroniese vingerafdruk skandeerders was nog nooit so opvallend nie.

Plaaslike lekkernye soos vlermuise, rietrotte en reuseslakke is ook verbode.

In Nigerië op Lagos se lughawe loop witjassie offisiere rond met 'n infrarooi laserskandeerder en lees passasiers se liggaamstemperature van 'n veilige afstand. In Nairobi druk hulle 'n elektroniese plastiek ding teen die passasiers se voorkoppe vir dieselfde rede. Enige iemand wat sieklik lyk, verkoue en griep simptome wys of hoes kry 'n gratis besoekie aan die mediese afskortinkie. En Boeta, behoed jou as jy net 'n halwe graad temperatuur óór sewe-en-dertig meet!

Die goewerment probeer sy bes om die Ghanese ingelig en kalm te hou. Ons radiostasies en koerante is vol waarskuwings om géén "bush meat" te eet nie. Dit sluit in die plaaslike lekkernye soos vlermuise, rietrotte en reuseslakke. Vir ons gunsteling happie van "'n-geheime-soort-vleis-sosatie" moes ons altyd toustaan, maar die straatbraaier is nou skoonveld.

Die prys van groente, hoender en vis is skielik astronomies hoog. Sonder 'n vleisraad in beheer van vleisgradering en beheerde slagtoestande reken ek almal het so te sê gedwonge in vegetariërs verander.

Oral herinner plakkate en notas ons om heeltyd hande te was. Winkels het lappies vir die skoonvee van trollies en die afvee van hande by die ingange en die betaalpunte aangebring. Die strate is stiller in die aande. Inwoners gaan minder uit – te bang om hand te skud.

Siestog, ek wonder net hoe ernstig die Ghanese luister na die goewerment se waarskuwing om álle liggaamlike kontak te vermy…

Die Uniegebou is hernoem tot Furniture City, want in elke kantoor sit daar nou 'n Lay-Z-Boy.

GESONDHEIDSWENKE

As jy nie 'n dokter kan beskostig nie, gaan na die lughawe.
Jy kry daar 'n gratis x-straalondersoek en 'n ondersoek van jou borste as jy 'n vrou is.
En as jy Al-Kaïda noem, kry jy sommer ook 'n gratis kolonoskopie.

Stamboom

Help ons familiesoekers

APPEL appeljolanda@gmail.com
Gee asb soveel inligting moontlik herkoms van my van, land van herkoms, watter bekende persoon het dieselfde van, stamboom, familieresepte.

COETZEE alta227@ovi.com
Is daar enige Coetzee familie in die Klerksdorp/ Stilfontein area in Noordwes wat 'n plaas of plase het. Soek inligting oor 'n Frederik Cornelius Coetzee wat in ca. Okt 1978 in Pretoria aan 'n hartaanval oorlede is. Hy is tussen Klerksdorp en Stilfontein se begraafplaas begrawe. Hy het nie 'n testament gehad nie toe het die meester van die hof sy plaas vir die broer gegee. As daar van sy familie hier lees, kontak my asseblief.

DIEDERIKS bokkiedh@gmail.com
My pa was Jacob Johannes Diederiks, so ook sy pa. Ek kon al redelik terug werk, maar kon 'n generasie voor my oupa grootjie nie kry nie. Enige inligting sal welkom wees asb.

NAUDE tacho@telkomsa.net
My oeroupagrootjie was Willem Sternberg Naude, gebore: 15/04/1848, was getroud met Lucie Jansen gebore: 09/01/1852. Gewoon op 'n plaas in Dundee KZN genaamd Irondale. Ek soek inligting oor sy ouers en broers en susters.

PIENAAR viljoen@mail.com
Genealogie van die Pienaar-familie in Suid-Afrika.

POSTHUMUS marykablackberry@gmail.com
Is op soek na Johannes Andries Posthumus, die seun van Lilly Kleynhans. Hulle is van Boksburg, Van Dykpark en hy is in Upington op 22 Junie of 26 Junie 1967. ek sal graag in kontak met hom kom, het hom laas in 2005 gesien.

VAN NIEKERK sonja@megawifi.co.za

VAN DER LINDE office@swallowsinn.co.za
Alle inligting oor enige van der Llindes asseblief.

VILJOEN viljoen@mail.com
Viljoen-genealogie - die nasate van Francois Villion (Hugenoot, arriveer aan die Kaap van Goeie Hoop 1671) en Cornelia Campenaar, met wie hy in 1676 aan die Kaap van Goeie Hoop in die huwelik getree het; vestig hulle op Idasvallei, Stellenbosch.

WORMAN nomathemba@sky.com

NIE OP HIERDIE VLUG NIE!

'n Vrou vlieg van Melbourne na Brisbane. Onverwags word die vlug afgekeer na Sydney. Die vlugopsigter verduidelik dat daar 'n vertraging sal wees, en as die passasiers wil afklim, moet hulle weer na 50 minute aan boord kom.
Elkeen klim toe af, maar die dame is blind. Die vlieënier self merk op dat sy in die vliegtuig bly sit met haar gids-hond. Hy vra haar of hy haar kan afhelp, maar sy sê nee, sal sal sommer bly sit, maar miskien kan hy haar gidshond 'n draai laat loop.
Dink jou in: Hier sien die passasiers die vlieënier stap met 'n donkerbril op en 'n gidshond! 'n Hele paar het probeer om 'n ander vlug te haal!

AGTEROS
Net voor uitspantyd

> Die oom moet 'n skottel warm water, 'n koekie seep en 'n handdoek gereed hê.

Deur KOOS HAYES

Hierdie verhaal speel af in die destydse Noord-Transvaal, waar boere oor die algemeen maar arm was en tegnologie haas onbekombaar. So gebeur dit dat daar 'n Oubaas woon met een melkkoei en telkens as dit súlke tyd raak, moet die oubaas bontstaan om 'n bul in die hande te kry om te sorg vir deurlopende melkproduksie, al is dit net vir die huis en die katte.

Wat die ou dan normaalweg doen, is om een van sy meer welvarende bure te nader vir 'n geskikte kandidaat. Die aanjaery van die bul na die oubaas se plaas is altyd 'n hele petalje, want sodra die bul die reuk kry, verander hy in 'n regte vark.

Drade word gebreek, hekke oorgespring of ook gebreek en meer gereeld as toevallig skraap hy die mense wat hom moet aanjaag sodat hulle moet skarrel vir die naaste boom of dekking.

Om die waarheid te sê, die bul raak 'n regte pyn in die gat. As die operasie afgeloop is, loop hy heel gedwee terug na sy eie werf, mens kan maar sê sonder GPS, want nou's hy moeg en wil net rus en vrede hê.

Die geleen van bulle kry toe later ook die bure onder, want nadat die bul terug is van sy plesiertjies, is hy die volgende week nikswerd en sou hy 'n aanvallige koeitjie sien nader skuif, kyk hy net diekant toe en maak of hy niks sien nie.

Toe dit nou weer gebeur, is die buurman net mooi dik en vra die oubaas of hy al ooit van KI gehoor het.

"Nee,", sê die oubaas, nog nie gehoor nie, en sou dit iets wees wat die moeite werd was, sou die predikant al daaroor gepreek het, wat hy nie gedoen het nie.

"Nee," seg die buurman, "dis die ding wat jou bul probleem sal oplos". Hyself is nie te seker hoe dit werk nie, maar hy stop die ou oom 'n telefoonnommer in die hand en sê dat dit die nommer is van die man by Onderstepoort wat daarmee werk, en dié sal hom alles vertel van KI.

So gesê, so gedaan. Hy bel die nommer en kry die dame op die skakelbord. Kan hy asseblief met mnr. so-en-so praat?

"Ja," sê die dametjie, "maar ek moet vir oom sê, oom is gelukkig om hom te kry, want hy is vreeslik besig en is amper nooit op kantoor nie."

Sy skakel hom deur en hy begin sy treurmare. Die oubaas is skaars halfpad met sy storie toe val die kêrel hom in die rede.

"Ja,"sê die kêrel, "ek kan oom help, maar ek is geweldig besig, waar bly oom?" Die oubaas beduie en skaars halfpad word hy weer in die rede geval.

Ja, sê die kêrel, hy weet presies waar dit is en nou moet die oom net mooi luister. Die volgende Woensdag sal hy daar in die omgewing wees vir 'n ander afspraak, dan kan hy die oom inpas in sy besige skedule, so teen elfuur se kant, maar die oom moet net sy instruksies noukeurig volg.

Wanneer hy daar kom, moet die koeitjie op stal wees en die oom moet 'n skottel warm water, 'n koekie seep en 'n handdoek gereed hê. En nou moet hy klaarmaak want hy het nog baie werk, die oom moet net sy instruksies baie noukeurig volg.

So teen elfuur die volgende Woensdag is die oubaas gereed en hou hy die stofpad dop. Hy wou nog swets oor die bleddie staatsdiens wat altyd laat is, toe hy 'n stofstreep in die pad sien afkom en is nogal heel beïndruk.

Die kêrel van Onderstepoort stop in 'n stofwolk en vlieg uit sy bakkie. Stel dan

ook homself voor en nee, hy het nie tyd vir koffie nie en is die instruksies uitgevoer?

Die oubaas sien homself nogal as 'n baie deeglike man en nooi die kêrel in die melkstal in. "Sien jy,"seg hy, "alles soos jy dit bestel het. Daar staan die koei, daar is die warm water, seep en handdoek en daar is die spyker teen die muur".

"Hokaai, wag nou oom,"sê die kêrel, "ek het vir oom gesê van die koei, die warm water, seep en die handdoek, maar waarvoor is die spyker teen die muur?"

Seg die oubaas so ewe: "Nou waar dink jy gaan jy jou broek aan ophang? "

KAMMANUUS verskyn weer op 15 SEPTEMBER